

Saluut aan Ou Meester Gregoire Boonzaier



DR FRANCOIS VERSTER
Kultuurhistorikus en argivaris,
Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens



Die dood van Gregoire Boonzaier, eens bestempel as 'die doyen van Suid-Afrikaanse skilderkuns', het wel die koerante gehaal, maar mens kry tog die gevoel dat sy heengaan amper ongesiens verbygegaan het. Die uitstalling van Picasso-werke in die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunstgalerie in Kaapstad bring weer die impak van Boonzaier as impresario onder die soeklig. Alles op aarde is relatief en beslis ook só in die kunstwêreld - Suid-Afrikaanse kunstenaars sal seker nooit kan meeding met mense soos Picasso, Rembrandt, Whistler of Turner nie; almal ook reeds oorlede, maar steeds bekend en blykbaar relevant. Baie faktore dra hiertoe by, soos geografiese en kulturele aspekte, maar uiteindelik is die invloed van die kunstenaar op ander kunstenaars dalk die belangrikste - het hy of sy enige navolginge - en hoe hoog word hulle geag?

Die naam Boonzaier is welbekend - selfs buite die klein kuns- en kultuurkring van Suid-Afrika - hoewel nie naasteby so bekend as wat dit behoort te wees nie. Met Gregoire se afsterwe is daar weliswaar 'n einde gebring aan 'n era; nie net in die

Links bo: Voorblad van
**Gregoire: selfportret-
studies** deur H Borman,
1997

Bo: **Homage to District
Six** waaraan Gregoire
oor 'n tydperk van 20
jaar gewerk het

Regs: Voorblad van
Gregoire Boonzaier
deur FP Scott, 1964



dampkring van 'n sekere groep kunstenaars nie - hier dink mens aan name soos Pierneef en Battiss van die noorde van die land en Maggie Laubser, Ruth Prowse, Nita Spilhaus, Jean Welz en Enslin du Plessis in die suide, almal lede van die Nuwe Groep, 'n aantal eersteklas kunstenaars wat grootliks bygedra het tot die opheffing van kunstwaardering en -standaarde sedert die 1930s. Gregoire Boonzaier was een van die stigterslede. In 1946 het hy sy Chevrolet vol skilderye gelaai en van Kaapstad tot in die destydse Salisbury gery en uitstallings op talle dorpie langs die pad gehou. Gregoire was 'n man wat, soos sy vader, die karikaturis DC Boonzaier, onderhoudend oor kuns en literatuur kon gesels. Hierdeur het sy intellek en verfyndheid uiting gevind en andere geraak en verryk.



Gregoire Boonzaier, gebore op 31 Julie 1909 in Nuweland, Kaapstad, was die jongste van vyf kinders van Daniel Cornelis en Maria Elizabeth Boonzaier. Hy het van jongs af geluister na gesprekke deur sy vader en etlike van die kunssinniges van die (toe relatief klein) Kaapse gemeenskap - FS Liebenberg, wat haar Meester in die Lettere tesis oor DC Boonzaier geskryf het (in 1990), praat van die 'Kaapse belle epoque'. Gregoire het, benewens hierdie teoretiese agtergrond, ook gesien hoe sy vader sy vernuftige politieke spotprente uitvoer. Hy het soms van die tekeninge help afrond en self ook enkele geteken - Murray Schoonraad het in sy boek, **Companion to South African cartoonists** (1989), 'n tekening deur ene 'GB' ingesluit, wat myns insiens deur Gregoire geteken is. Op 'n besoek aan hom op Onrusrivier in 1998 het hy egter ontken dat hy die kunstenaar was. Hy was toe reeds 89 jaar oud en kon waarskynlik nie meer so ver terug onthou nie. Ook was sy verhouding met sy vader nie goed nie - dalk het melding daarvan onaangename herinneringe herroep, wie weet? Toe hy in 1934 na Europa is om te gaan studeer teen sy diktatoriale vader se wense, het



die onverbiddelike oubaas immers sy rug op Gregoire gedraai. Ek het 'n afskrif van DC se sterftekennis (uit die Kaapse argiefbewaarplek) aan Gregoire gewys en hy het met 'n tikkie selfvergenoegdheid opgemerk dat hy toe reeds ouer was as sy vader wat op 85 (in 1950) oorlede is.

Die ander groot invloed op Gregoire se kuns was Pieter Wenning, die talentvolle Nederlander wie se vriendskap ook jaloers gekoester is deur DC Boonzaier. Gregoire en die beeldhouer Lippy Lipshitz het Wenning vereer deur in 1949 'n biografie, getiteld **Wenning**, te skryf. Wenning se skilderstyl is duidelik waarneembaar in dié van Gregoire, soos Gregoire s'n te sien is in die styl van Conrad Thys - volgens Gregoire sy enigste leerling.

Gregoire se vader het Wenning se invloed in sy seun se werk natuurlik herken en, Gregoire se onmiskenbare talent ten spyte, gevrees dat die jongeling nie sy eie styl sal ontwikkel nie. Ook het Boonzaier die Ouere as bestuurder van Gregoire se loopbaan opgetree, soos hy ook met mense soos Wenning en Kottler probeer doen het. In Gregoire se geval het hy boonop die geld wat geïen is uit verkope van sy seun se skilderye vir homself gehou en slegs sakgeld aan sy seun gegee - totdat hy al 'n jongman van 25 was. Uiteindelik kon Gregoire dit nie meer uitstaan nie en het hy sy ouerhuis verlaat en daarmee saam die uiterste vorm van patriargale onderdrukking afgewerp. Eers het hy in Kaapstad gewoon en as aantreklike jong kunstenaar deel van die boheemse seksie van die Kaapse kunstkliek geword. Geld was skaars, maar vir 'n wyle kon hy sy vryheid vier en hierdie tydperk moes vir hom 'heady days' gewees het.

In 1934 is Gregoire na Europa, waar hy by die Heatherly School of Art en die Central School of Arts and Crafts gestudeer het. In Londen het hy deelgeneem aan groeputstallings, soos aangebied deur die Royal Academy. In 1936 was Gregoire terug in Kaapstad na sy studies en reise deur Frankryk, Engeland, Rusland en Spanje. Volgens Martin Bekker se biografie, **Gregoire**

Bo: *Gradeplegtigheid, Universiteit van Wes-Kaapland, 1994: Gregoire ontvang een van sy ere-doktorsgrade*

Bo links: *Voorblad van Gregoire Boonzaier: impressions of trees, deur DM Joubert en MG Schoonraad, 1990*

Links: *Gregoire se Toilet, pondokkies en bakkie - die tipe toneel wat Conrad Thys ook graag skilder*



Boonzaier, (1990), het skilders soos Maurice Utrillo, Christopher Wood en Van Gogh wel 'n invloed op Gregoire se styl gehad - die oukêrel was dus reg, maar soms was hy net té reg! Buitendien is dit nie noodwendig 'n slegte ding om ander invloede te assimileer nie, maar het Gregoire spoedig teruggekeer na die lewendige, donker-omlynde skildertegniek, wat mens via Wenning na die sogenaamde Haagse skool kan deurtrek. Met sy unieke aanwending van kleur het die jong Boonzaier spoedig die styl op sy eie manier interpreteer. Die somber kleure wat Wenning van Nederland oorgebring het, is vervang met kleure wat Afrika se son reflekteer het.

Tien jaar nadat hy na Europa uitgewyk het, was Gregoire Boonzaier een van die leidende figure in die stigting van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging. Soos ou DC, sou hy diep spore trap in die Suid-Afrikaanse kunstwêreld, maar anders as sy gerekende vader; het hy egter sy lewe uitsluitlik uit sy eie kuns gemaak. Nogtans sou hy eers sowat dertig jaar skilder voordat sy werke werklik goeie pryse behaal het. Die dissipline wat sy vader hom geleer het, het hom wel in staat gestel om te oorleef in 'n land waar kuns min waardering geniet.

Daar is veel - gans te veel vir een artikel - om te sê oor Gregoire Boonzaier se werk en lewe. Daar is immers die talloos artikels in koerante en tydskrifte (Gregoire se eie knipselboek word saam met ander dokumente oor hom by die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens in Roelandstraat bewaar) en die D Phil-proefskrif deur P Volschenk (**Kleur as skilderagtige element in die werk van Gregoire Boonzaier**, 1971), asook biografieë deur Bekker (reeds vermeld) en FP Scott



(**Gregoire Boonzaier**, 1964). Gregoire is ook vereer gedurende sy leeftyd met eredoktorsgrade en -penninge, maar helaas, uiteindelik het hy sy era oorleef; nie net sy vriende nie - Marjorie Wallace was die laaste om te gaan in 2005 - nie net sy vrou Marie ('n nooi Lombaard) nie, maar ook die geslagte bewonderaars wat hom geken en geëer het om die regte redes, nie net as 'n kunshistoriese figuur wie se werke veral nou goeie beleggingswaarde het nie. Ja, Gregoire Boonzaier het dit deeglik besef en daarom het hy 'Galerie Gregoire' in Onrusrivier tot stand gebring waar sy werke teen hoë pryse geleidelik in die mark kan kom. Dit was 'die plan' wat hy my van vertel het in 1998; om sodoende sy getroue bewonderaars se beleggings te beskerm. Met 'n skalkse glimlag het hy verwys na die 'engeltjies - óf duiweltjies' wat hom enige dag kon kom haal. Hy was baie bewus daarvan dat hy alleen was - die laaste van die Nuwe Groep van so lank gelede, die laaste van die Onrus Groep - Uys en Francois Krige, Jan en Jorie (Rabie)...en nou hy. Dit was waarskynlik die beweegrede gewees wat hom daartoe gedryf het om eenvoudig op te hou eet. Ná etlike weke is hy uiteindelik herenig met dié wat voor hom gegaan het.

Gregoire het nie 'n nuwe skilderstyl geïnspireer nie - behalwe Thys is daar nie werklik groot name onder plaaslike skilders wat in die (Post-) Haagse styl werk nie. Waarskynlik om verskeie redes, maar hoofsaaklik omdat Gregoire hierdie styl sy eie gemaak het - sommiges het hom skaamteloos nageboots, maar met geen groot sukses nie - en ook weens die feit dat enigiets wat nie 'nuut' is nie in die bra verwarde kunstwêreld van vandag



as passé beskou word. Gregoire se stilistiese uitvoering blyk relatief inperkend te wees en ná bykans tagtig jaar het hy sekerlik alles gesê wat hieroor gesê kan word. Die interieurs wat hy in sy laaste jare aangedurf het, het nie meer die sprankel, die vibrasie van sy vroeëre werke gehad nie. Dit was asof die groter klem op hierdie tema beduidend was van 'n inkering; omdat daar buite niks meer was nie? Het hierdie besef ook 'n invloed gehad op sy besluit om sy eie lewe te neem?

Gregoire het wel sporadies geëksperimenteer - die invloed van Georges Braque se kubisme is dikwels te bespeur - Martin Bekker noem, byvoorbeeld, die ooreenkomste in die poëtiese lyne en gedempte kleurgebruik. Tog het hy telkens teruggekeer na sy kenmerkende liriese lyne (FP Scott praat van 'herositeit') en bekende onderwerpe, soos die windgebuigde Kaapse denne, die seetonele by Onrus, sonneblomme en hibiskus.

In teenstelling met 'n rustelose innoverder soos Picasso het Gregoire eerder tot aan die einde aan homself getrou gebly. Hierdie kontrasterende uitgangspunte het positiewe en negatiewe aspekte - Picasso se internasionale status, 33 jaar ná sy dood, spreek boekdele. Gregoire Boonzaier egter, sal met deernis onthou word vir sy integriteit as kunstenaar en as mens.

Naskrif

Ek onthou Gregoire as 'n fikse oukêrel wat, sy gryse baard en haredos ten spyte, teen die trappe van sy dubbelverdiepingstudio uitgedraf het met my en my ma (wat soos ma's maar maak, my verleë gemaak het deur eers aan die Groot Kunstenaar wat ek toe pas ontmoet het, te vertel dat haar seun ook skilder én baie trots na haar familieverbintenisse met die Boonzaiers verwys het) al blasend agterna, om na die massas tekening, etse en skilderye te gaan kyk. Dit was kort na die hofsak oor die tandarts wat van sy skilderye gesteel het uit die einste studio en ek het telkemale gesê ek wil graag van sy dokumente vir die Argief (-bewaarplek, Kaapstad) hê, nie sy werke kom afrokkel nie. Ook maar onnosel van my - een van sy Distrik Ses-meesterstukke sou lieflik vertoon het in die Argief se ingangsportaal. Roelandstraat was immers die westelike grens van die woonbuurt wat Gregoire help bekendmaak het.

2006

Links bo: Gregoire, omstreeks 1950

Links: Ets van Distrik Ses op voorblad van katalogus

Heel links: Houtskoolskets van Jan Rabie